Terugval en Herstel

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B204b

Skriflesing uit: Jer. 3:6-25

Kernvers: 22 - ‘Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees. Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die Here onse God.’

Wat ‘n lieflike hoofstuk, en die Here praat so diep tot in ‘n mens se hart. Hy praat hier van Israel aan wie God ‘n skeibrief gegee het.

Alhoewel haar suster netso erg gesondig het, het sy nie ‘n skeibrief ontvang nie. Boonop het God vir Israel in ballingskap weggevoer, maar dit het nie vir Judah tot inkeer laat kom nie. God se genade is groot – dit gryp mens diep in die hart om te sien hoe God pleit met Sy volk wat so halstarrig en moedswiilig is. God pleit by hulle en sê: waarom wil julle sterwe o Israel?

God het nie behae in die dood van ‘n sondaar nie, maar daarin dat hy homself sal bekeer. Die broosheid van die mens is so duidelik wanneer ‘n mens so deur die bybel lees bv. Abraham wie ‘n paar keer in sy lewe geknak het en gelieg het.

Jesaja het gesê: my lippe is onrein, hoe kan ek staan voor die lewende God? En hoe het Job nie sy lewe voor die Here beklae en sy swakheid bely nie? Selfs Paulus wat gesê het hy is die vernaamste van al die sondaars.

Geen wonder dat Jesus gesê het: sonder My kan julle niks doen nie. Tog neem ons soms groot besluite sonder om Hom te raadpleeg. Daar is groot krake in ons getuienis net omdat ons die Here nie geken en geëer het in ons besluite nie.